Jaarverslag 2015: Callie Swanepoel

President SA Boerperd Telergenootskap:

Namibië

1. Inleidend:

2015 was 'n rowwe jaar wat met die spoed van wit lig verby is, maar tog 'n suksesvolle jaar wat ons net meer laat uitsien na 2016.

2. Bedankings:

Baie dankie Frikkie Combrink vir jou insette en ondersteuning deur die jaar. Asook die voorbeeld wat jy en jou gesien vir ons stel.

Dankie ook vir Elize Prinsloo wat soos altyd sorg dat alles reg is en dankie dat dit altyd 'n plesier is om met jou te werk.

3. Namibiese SA Boerperdklub:

Ons is van plan om die klub gelde op te sit na N$300p/jaar. Die intreefooi bly steeds 'n eenmalige N$50.

Ons is tans nogsteeds 8 lede, maar met paar beloftes vir nuwe lede in 2016.

Met nog 'n stoet wat in Namibie gestig is, nl. Woestynland SA Boeperd stoet is ons SA Boerperd getalle sommer heelwat meer.

Daar is om en by 128 SA Boerperde tans in Namibië, dit is +/- 52 meer as in 2015.

4. Keurings:

2015 was 'n jaar met min perde wat reg was vir keuring, dus het ons dit eerder gelos. Ons gaan wel 2016 'n keuring hou met 'n beoogde 20 perde wat voor keuring gaan kom. Ons sien vreeslik uit na die keuring,om weer klomp nuwe dinge te leer en 'n lekker okasie van die keuring te maak.

5. Telers:

Aurora SA Boerperd stoet is hard besig om pragtige perde te teel. Hul het tans 31 SA Boerperde. 2 Hingste, 15 merries, 3 reuns, 5 jong perde en 6 speenvullens.  Hulle is opsoek

Losberg SA Boerperd stoet het ‘n opening gehou tydens paasnaweek. Dit was hope pret en die mense was baie be-indruk met die ras. Hul het ook 4 perde verkoop en twee kuier-merries gehad vir dekkings. Losberg is ook al ‘n bekende naam in die skoubane.

Woestynland SA Boeperd stoet is in 2015 gestig en het laat weet hul sluit 2016 aan by die Namibiese SA Boerperdklub. Ons sien vreeslik uit daarna om hul deel te hê van die klub en na hul bydrae. Hulle het 11 perde ingebring vanaf Hoefstraal stoet.

6. Skakeling, dienslewering, nuwe lede:

Ons beplan om saam die keuring in 2016 ‘n inligtingsdag te hou. Ons het gedink om die keuring in Windhoek te hou, en dit ‘n opedag te maak, sodat die publiek kan sien hoe en hoekom die SA Boerperd uitstaan as ‘n unieke ras.

Insette sal waardeer word ivm die saak.

7. Reklame & kommunikasie:

Ons *Facebook*-blad het van 125 lede opgeskuif na 371.

Aurora- en Losbergstoet se blaaie se lede het ook opgeskuif van gesamentlik 330 na 552 lede.

So ons kan met trots sê dat die ras al hoe meer bekend word in Namibie!

8. Ten slotte:

Die SA Boerperd is ‘n ras wat ons as Namibiese-lede met trots kan bemark en teel. 2015 was ‘n stiller jaar, ons sien uit om 2016 ‘n meer opwindende jaar te maak.

______________________________

Callie Swanepoel: President (Namibiëse klub) 2015